OU JAARSAAND

TEKS: LUKAS 12:35 -

INLEIDING:

Aan die einde van die jaar 2009 kom die vraag tot my. Was ek **getrou aan die opdragte van God**. 'n Eerlike en opregte antwoord word verwag. Onthou, God ken die diepte van ons innerlike mens.

GELYKENIS VAN DIE WAAKSAME SLAAF.

Hierdie woorde van die Heiland sluit ten nouste aan by die voorafgaande vermaninge om nie aardsgesind te wees nie, maar hemelsgesind. Sy dissipels moet innerlik so gebind aan Hom en so lojaal teenoor Hom wees dat die grootste passie van hulle lewe sal wees om, getrou in die uitvoering van hul daaglikse roeping uit te sien na Sy wederkoms. Aldus moet dit blyk dat hulle skat waarlik in die hemel is en hulle werklik hemelsgesind is.

Teksverklaring:

v.35. Hierdie gedeelte is afgestem op die terugkeer van die Here as die Seun van die mens. Die beeldspraak wat gebruik word, is in ooreenstemming met die gewoontes van daardie tyd, en het ten doel om gelowiges aan te moedig om **waaksaam en getrou te wag op die terugkeer van hulle afwesige Here**, en om die kerkleiers te herinner aan hulle **pastorale verantwoordelikheid**.

v.40. God wil ons nie in 'n strik laat trap of onverwags vang as Hy sê dat Christus onverwags sal terugkeer nie. In werklikheid stel Hy sy terugkeer uit, sodat meer mense die geleentheid sal hê om Christus te volg.

Ons het nou, voor Sy terugkeer, die geleentheid om die dinge wat ons glo, uit te leef en Jesus se liefde in ons verhouding met ander te weerspieël.
Mense wat gereed is met die Here se terugkeer is:

1. ***Nie skynheilig, maar opreg.***
2. ***Nie bang nie, maar bereid om te getuig.***
3. ***Nie angstig nie, maar gelowig.***
4. ***Nie gierig nie, maar vrygewig.***
5. ***Nie lui nie, maar hardwerkend***.

Is u lewe besig om al hoe meer soos Christus s'n te word. Sal u, wanneer Hy kom, gereed wees om Hom met vreugde tegemoet te gaan.

Die Here seën Sy Woord. **Amen.**